

Saterdag 3 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:17

Die Heilige Gees roep: Hanteer my swaard!

Anders as die staat, het die kerk 'n unieke wapen: die swaard van die Gees, en hierdie wapen van die kerk word nie in 'n kerklike of sinodale magasyn op Potchefstroom toegesluit nie. Hierdie wapen, die swaard van die Gees, is 'n kragtige wapen wat in elke gelowige se huis is, wat in elke gelowige se hand is. Dit is die Woord van God.

Paulus se brief aan die Efesiërs is 'n brief van bemoediging. Hy roep die gelowiges op om die lewende liggaam van Christus op aarde te wees, om waarlik sy kerk te wees. Daarom is dit belangrik dat hulle lewenswandel in ooreenstemming moet wees met die roeping wat hulle van God ontvang het (4:1). Omdat Satan soos 'n brullende leeu rondloop (1 Pet. 5:8), roep hy die gelowiges op om die volle wapenrusting wat God gee, aan te trek: die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak as borsharnas, die bereidheid om die evangelie te verkondig as skoene aan julle voete, die geloof as skild, die verlossing as helm en die swaard van die Gees.

Almal is verdedigingswapens, net die swaard van die Gees is 'n aanvalswaapen. Alleen met die swaard van die Gees, die Woord van God, sal jy die bese magte van die duiwel kan aanval en oorwin.

Die vraag is: Ken jy hierdie besondere wapen, hierdie swaard van die Gees wat skerper is as enige tweesnydende swaard? Gebruik jy die Woord van God in jou lewe en in jou kinders se lewens? Alleen so kan ons weerbaar wees teen die aanslae van die bese en dit oorwin. Hierdie stryd sal voortduur totdat Christus weer kom. Moet nooit die krag van die swaard van die Gees onderskat nie. Hierdie wapen is 'n sleutel van die hemelryk waarmee die kerk oopsluit en toesluit. Verkondig die Woord tydig en ontydig (2 Tim. 4:2).

Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)